
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 45 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

*Blaai om asseblief*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 10 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 15 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 19 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 23 |
| 6. *Paljas* | 35 | 28 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 32 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Die droom" | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die vlek" | 17 | 39 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Wetenskapmannetjies" | 18 | 42 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Haar uitvaart" | 17 | 44 |


Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## KONTROLELYS

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Do you come from the bush?" vra sy en agter hom lag die ander.

"They speak kitchen Dutch," sê een, en Saul het geweet hy sou nie omgee om net daar dood te raak nie.

"Is daar regtig olifante in die bos?" vra die meisiekind half dringend en sy staan waar sy staan. Sy lyk soos 'n engel moet lyk, haar hare soos heuning as die son daarop skyn en haar oë net so donker soos 'n ou kershout se bas. Haar rok is van die fynste lap wat hy nog ooit gesien het en dit lyk of daar nog nooit stof aan haar was nie. En hy sien sy eie vuil tone deur sy skoen se punt steek en ruk sy been terug op die wa.

"Come on, Kate!" Die ander het begin haastig word. "They're wild, these woodcutters' children."

"Het jy al 'n olifant gesien?" bodder sy weer oor die olifante en bly hom aanstaar.
Toe vra sy met die grootste ongeduld: "Kan jy praat?"

Hy het sy kop laat sak en nie weer opgekyk nie. Toe sy saam met die ander wegstap, het hy hulle hoor lag en geweet hulle lag vir hom.

Donker was hulle terug in die Bos. Dit was soos die toevou van 'n dik kombers om sy lyf.

"Pa," het hy gevra toe die vuur brand, "is ons witmense, Pa?"

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Saul het baie veranderinge in sy lewe ervaar. Sy ma en sussie, (1.1.1) ..., is albei dood aan (1.1.2) ... Hy en Jozef moes vir die familie gaan vertel. Op pad Diepwalle toe het Saul vir die eerste keer vir Oupoot in (1.1.3) ... gesien. Daar was dadelik 'n band tussen hulle. Almal in die Bos het respek vir Oupoot gehad omdat hy die (1.1.4) ... van die Bos genoem is. Saul het van kleintyd af geweet dat jy nooit die woord olifante mag gebruik nie, want anders sou hulle jou trap. (4 x 1) (4)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2) neer.

"... en Saul het geweet hy sou nie omgee om net daar dood te raak nie." (Reël 2 en 3)

Saul het só gevoel omdat hy ...

A bang was MacDonald sou hom slaan.
B hulpeloos gevoel het teen MacDonald se mag.
C verleë gevoel het dat Kate met hom gepraat het.
D skaam was dat sy pa hout vir 'n *goodfor* moes verkoop. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 "Sy **lyk soos 'n engel** moet lyk ..." (Reël 5)

1.3.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

1.3.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

1.4 Lees reël 7 en 8.

Op watter **ander** manier het die boskinders en dorpskinders se lewens van mekaar VERSKIL? Verwys in jou antwoord na die boskinders én die dorpskinders. (2)

1.5 "They're wild, these woodcutters' children." (Reël 9 en 10)

Waarom was dit verkeerd van die dorpskinders om die houtkappers se kinders "wild" te noem? (1)

1.6 Saul se pa het hom weggejaag.

Wat het Saul gedoen onmiddellik nadat hy die Bos verlaat het? (1)

1.7 Kate het Saul gereeld in die skuur besoek.

Waarom was hierdie besoek tot albei (Saul en Kate) se voordeel? (1)

1.8 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Jozef | A ... het geskree nadat hy vernederd gevoel het oor Saul se optrede teenoor hom. |
| 1.8.2 MacDonald | B ... het Saul beledig deur te sê dat hy nie gelyk in twee wêrelde kan leef nie. |
| 1.8.3 Joram | C ... het met Maska baklei en amper hulle albei se dood veroorsaak. |
| 1.8.4 Arend | D ... het op Kersdag met Saul baklei en gesê dat Saul teen sy eie mense gedraai het. |
| | E ... het Saul 'n pakslae gegee omdat hy die houtkappers beledig het oor wat hulle aan die Bos doen. |

(4 x 1) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


1.9 Lees reël 17.

Hoe kry die skrywer dit reg om jou jammer vir Saul te laat voel? (1)

1.10 Saul en sy pa het oor baie dinge verskil.

Waarom was Joram in Saul se kleintyd tog vir hom en Jozef 'n goeie rolmodel? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

"Jy geniet dit, Saul Barnard," sê sy kil en kom loop langs hom. "Jy geniet die wraak, nè?"

"Elkeen wat deur hierdie modder loop, *juffrou* MacDonald, loop uit sy eie vrye wil daardeur," het hy haar koel geantwoord. "En voordat ons bo kom, gaan party van hulle nog uit vrye wil kruip ook."

"En jý gaan elke oomblik geniet," sê sy weer.

"Ja," erken hy sonder skroom.

"Omdat jy alleen wou delf en alles onder jouself wou inkrap?"

"Nee."

"Ek verstaan jy het meer goud uitgehaal as enigiemand anders tot dusver."

"Ek het nie 'n idee hoeveel die ander uitgewas het nie."

"Ek verneem ook dat jy suur is oor die rifgoud, dat jy jou daarmee misgis het."

"Jou informasie is dom. Net so dom soos hulle prospekteerders."

Dit was soos die grom van twee diere wat wou baklei ...

"Moenie te gou praat nie, Saul Barnard."

"Wat kom maak jy hier?" het hy die vraag waarmee hy nog die hele tyd loop, gevra.

"Die delwerskomitee het my gevra om vir die delwers se kinders te kom skoolhou."

Hy het so 'n vermoede gehad; iemand het iets van 'n onderwyseres vir die kinders gepraat. "En wat gaan jy as 'n skool gebruik?" vra hy half spottend.

"Die eerste ruk sal ons 'n tent gebruik. Sodra dinge na 'n kant toe loop, sal hulle 'n geboutjie oprig."

1.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur.

- Saul het vir Crompton en Morris "besigheid" by Walker & Berg gaan haal.
- Saul het die nuus gekry dat sy pa, Joram Barnard, dood is.
- Patterson het vir Saul geleer hoe om goud te delf.
- Arend het in 'n geroeste perdeskoen getrap. (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.12 Saul het nou ná sewe jaar weer vir Kate gesien.

1.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Saul ervaar innerlike konflik omdat hy (seker/onseker) was hoe om teenoor Kate op te tree. (1)

1.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.12.1 deur te verwys na die laaste keer wat hulle mekaar gesien het. (1)

1.13 "En voordat ons bo kom, gaan party van hulle nog uit vrye wil kruip ook." (Reël 4 en 5)

1.13.1 Na wie verwys "hulle" hierbo? (1)

1.13.2 Wat bedoel Saul met die woorde in hierdie reëls? (1)

1.14 "Omdat jy alleen wou delf en alles onder jouself wou inkrap?" (Reël 8)

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie woorde van Kate ONWAAR is. (1)

1.15 "Ek verneem ook dat **jy suur is** oor die rifgoud, ..." (Reël 12)

Wat is die figuurlike betekenis van Kate se woorde binne konteks van hierdie uittreksel? (1)

1.16 "Wat kom maak jy hier?" (Reël 16)

1.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Saul se vraag is (ironies/veroordelend) as 'n mens aan die hele situasie dink. (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Waarom was Saul so moeilik met hierdie mense wat hy in die Bos moes inneem? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

In hierdie roman was die goud vir Saul die simbool van ... sy eie toekoms.

A mag oor
B onsekerheid oor
C hoop vir
D ontevredenheid oor (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.19 Kate se aanbod om Thompson se hoekerf te koop, was 'n hoogtepunt in die roman.

1.19.1 Watter positiewe gevolg het hierdie aanbod vir Saul se toekoms ingehou? (1)

1.19.2 Watter les het jy uit hierdie optrede van Kate geleer? (1)

1.19.3 Hoe sluit die idee van die hoekerf by Saul se planne met Jozef en Izak Barnard aan? (1)

**[35]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Toe begin almal weer gelyk gil en skreeu.

Ek sal eendag my eie wittebrood reël, dankie! Ha-ha, saam met wie nogal? Beslis nie saam met jóú nie! 'n Wittebrood sonder TV? Dis die simpelste idee wat ek nóg gehoor het! Gaan ons almal in dieselfde bed slaap? Ek wil niemand aan hierdie tafel beter leer ken nie! Kom ons hou 'n eetstaking! *Ek wil nie 'n eetstaking hou nie!*

Mana en Beyers het verslae na mekaar gekyk.

"My hele lewe lank wou ek deel wees van 'n groot, gelukkige gesin," het Beyers geprewel.

En toe begin hulle lag.

Dis hoe hulle verhouding begin het. En dis hoe hulle waarskynlik vir altyd en altyd bymekaar gaan bly. Lag-lag.

Mana het pas by my kamer ingestrompel. Haar roesblonde boskasie selfs woester as gewoonlik, paniek oor haar hele gesig.

"Hanna, ek het jou hulp nodig, anders gaan ons nooit vandag wegkom nie."

"Ek het gewéét dit gaan gebeur. Ek is die enigste een in hierdie gesin wat ooit ..."

"Ek weet," knip sy my kort. "Jy's die enigste een wat ooit betyds klaar is vir enigiets, dis dié dat ek jou vra om te help. Die res skarrel soos afkophoenders rond. Amos soek sy boeke en Tibo kry nie 'n enkele sokkie wat by enige ander sokkie pas nie en Yann ..."

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Die roman vertel die storie van Hanna en haar gesin. Sy het gedink haar gesin was 'n (2.1.1) ... gesin. Haar halfbroer was 'n proefbuisbaba. Mana het vertel dat sy oorsee gegaan het en dat (2.1.2) ... daar vervaardig is. Haar twee stiefbroers se ma woon in (2.1.3) ... waar sy 'n aërobiese instruktrise was. Hanna wou eerder 'n ander lewe gehad het en skep toe vir haar 'n (2.1.4) ..., Fabienne, wie se lewe sy graag wou hê. (4 x 1) (4)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.2) neer.

"Toe begin almal weer gelyk gil en skreeu." (Reël 1)

Hierdie reaksie van die kinders was omdat hulle ...

- A so opgewonde was oor die avontuur wat voorgelê het.
- B bekommerd was oor enige iets wat Beyers en Mana beplan het.
- C verras was oor die avontuur waarvoor hulle al so lank gewag het.
- D ongelukkig was met die hele idee om so iets saam te moes doen. (1)



SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

2.3 "Ek wil niemand aan hierdie tafel beter leer ken nie!" (Reël 4 en 5)

Waarom wou Hanna veral nie die seuns aan tafel beter leer ken nie? (1)

2.4 Beyers was die eerste man met wie Mana ooit getroud was.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.5 Lees reël 12 en 13.

2.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hanna ervaar innerlike konflik oor haar ma, want sy was (tevrede/ontevrede) met haar ma se voorkoms en optrede. (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1. (1)

2.6 "Die res **skarrel soos afkophoenders** rond." (Reël 17)

2.6.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

2.6.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

2.7 Hanna het besluit om haar ma te help om Pampoen en Patat op te spoor.

Wat het met Hanna gebeur nadat sy vir Pampoen en Patat by een van die bure gekry het? (1)

2.8 Hanna en Margot het mekaar op Botterberg ontmoet.

Waarom was dit tot albei (Hanna en Margot) se voordeel dat hierdie wittebrood gebeur het? (1)

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.9 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.9.1 tot 2.9.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.9.1 Tibo en Amos | A ... kon nie verstaan dat Hanna nie die goeie in ander mense en situasies raakgesien het nie. |
| 2.9.2 Sharon | B ... het ongelukkig geraak oor Hanna wat wou hê alles om haar moes normaal wees. |
| 2.9.3 Mana | C ... het ongelukkigheid gebring deur nie Hanna se privaatheid en besittings te respekteer nie. |
| 2.9.4 Yann | D ... het ongelukkigheid veroorsaak deur die geskenke wat gewys het dat hy Hanna nie ken nie. |
| | E ... het ongelukkigheid veroorsaak deur nie moeite te doen met Hanna en ander mense nie. |

(4 x 1) (4)

2.10 Hoe kry die skrywer dit reg om jou te laat sien hoe geïrriteerd Hanna met die situasie was? (1)

2.11 Beyers het altyd gewens om deel van 'n groot gesin te wees.

Waarom was Beyers 'n goeie rolmodel vir sy gesin? (1)

**EN**

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

"Ek wonder wanneer kom die queen," mompel Yann 'n uur later met 'n mond vol spek en eier.

"Sy't mos gesê sy wil nie eet nie," herinner ek hom.

"Nee, ek praat van die ander queen," grinnik hy. "Jou pa."

Ek stik aan 'n stuk roosterbrood.

"My pa is nie 'n queen nie! Jy ken hom nie eens nie!"

"Wel, hy's seker nie 'n groter queen as my ma nie," gee hy toe.

Beyers vat 'n vinnige hap van sy gebakte eier.

"Hy't gesê ons moet hom nie voor middagete verwag nie," sê Mana. "Maar ek weet nie of enige kar nog hier kan uitkom nie. As die reën net wil ophou!"

"Dis nie 'n ophoureën nie," sê Beyers. "Dis 'n aanhoureën."

"Van wanneer af is Pa 'n weerprofeet?" wil Yann weet.

"Van ek netnou in die kar na die radio gaan luister het," antwoord Beyers. "Die hele Wes-Kaap is besig om weg te spoel."

"Dan's dit seker goed ons sit op 'n berg," skerts ek om my skrik weg te steek. "Dit sal lank vat voor die water tot hier kan styg."

Gavin daag nie voor middagete op nie. Ook nie ná middagete nie. Teen laatmiddag, toe dit begin skemer word en die reën steeds troosteloos uit die lae wolke sif, besef ek dat hy sy gesonde verstand gebruik het en die besoek afgestel het.

2.12 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur.

- Hanna het spesiale geskenke vir haar vyftiende verjaarsdag gekry.
- Sharon se pa het 'n helikopter gestuur om die gesin te red.
- Hanna het besluit om haar eie lewensverhaal te skryf.
- Beyers en Mana het 'n huis in Kaapstad gekoop. (4)

2.13 "Ek wonder wanneer kom die queen, ..." (Reël 1)

Wat is die figuurlike betekenis van die woord "**queen**"? (1)

2.14 "Sy't mos gesê sy wil nie eet nie, ..." (Reël 3)

2.14.1 Na wie verwys "sy" in hierdie reël? (1)

2.14.2 Wat bedoel Hanna met hierdie woorde? (1)

2.15 "Jy ken hom nie eens nie!" (Reël 6)

2.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hanna se woorde teenoor Yann is (ironies/veroordelend). (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.15.1. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


2.16 Hanna se houding teenoor Gavin het verander.

Hoe was Hanna se houding vroeër en hoe is haar houding nou? Verwys in jou antwoord na vroeër én nou. (2)

2.17 Waarom was dit vir Mana reg dat Yann en Amos se ma op die berg by hulle kom kuier het? (1)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.18) neer.

In hierdie roman het die wittebrood vir die gesin die simbool van ... geword.

A aanvaarding
B teleurstelling
C verveeldheid
D gehoorsaamheid (1)

2.19 Die ontmoeting tussen al die kuiergaste op die berg was 'n hoogtepunt in die roman.

2.19.1 Watter positiewe gevolg het hierdie ontmoeting vir Beyers en Mana ingehou? (1)

2.19.2 Watter les het jy uit hierdie gesin se vakansie geleer? (1)

2.19.3 Hoe sluit die kuiergaste se interaksie met Hanna aan by die rede waarom sy nie meer Hanna Hoekom hoef te wees nie? (1)

**[35]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS E

"Daar anderkant op die wal lei mense normale lewens. Ons kan ook. As jy iets vir my oorhet, sal jy vir jou 'n normale werk in die baai gaan soek. Ek het nog nooit gehoor van ander mense wat op 'n eiland sit met 'n baba nie. Afhanklik van 'n boot wat soos 'n lewensaar al verbinding wal toe is nie."

"Betjie, maar ons is mos nie ander mense nie. Ons is Meeulanders."

Hy trek haar nader na hom toe, wil haar soen, maar haar lyf is stram en hy sien haar afsydigheid met pyn in sy donker oë.

"Ek was nog nooit een nie. Hierdie eiland hou nie van my nie."

Hy draai om en stap stadig terug huis toe.

Wanneer hy by die kombuis instap, sit Attie doodluiters by die kombuistafel met 'n slapende Janka in sy arms. "Sonne, Pa, check die gevreetjie." Hy kyk op en sien Jacob se afgetrokkenheid. "Jy sal vir Twilight 'n break moet gee, ou Broer. Stuur haar wal toe vir 'n paar dae, man. Ek meen sonder die klein Pikkewyn. Ons sal haar darem mos kan handle. Ons en Mama-Meeu."

Jacob neem vir Janka by hom en stap woordeloos kamer toe. "Ek het stompneusies gebak!" roep Attie agterna. "Ek het julle s'n in die lou-oond gelos en ek vat ou Van s'n vir haar."

Maar Jacob antwoord nie.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Ryna was in 'n (3.1.1) ... in Kaapstad waar sy behandeling vir depressie gekry het. Daar het (3.1.2) ... voorgestel dat sy Meeuland toe moes gaan om 'n boek oor kusvoëls te gaan doen. Met haar aankoms op (3.1.3) ... ontmoet sy ant Hansie, die kaptein van Meeuland se ma. Oor die radio het sy gehoor hoe die kaptein gedink het dat sy 'n man was en net vir (3.1.4) ... maande op Meeuland sou kom werk. (4 x 1) (4)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer.

"As jy iets vir my oorhet ..." (Reël 1 en 2)

Met hierdie woorde probeer Elsabet om Jacob ...

A skuldig te laat voel dat sy op Meeuland was.
B dankbaar te laat voel dat sy met hom getrou het.
C opgewonde te laat voel dat sy nog omgegee het wat hy dink.
D depressief te laat voel omdat hy nie vir haar 'n beter lewe kon gee nie. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Waarom kan 'n mens sê dat dit reg was van Jacob om nie die eiland te wou verlaat nie? (1)

3.4 "Ek was nog nooit een nie. Hierdie eiland hou nie van my nie." (Reël 8)

3.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is ('n kontras/ironies) dat Elsabet gevoel het dat die eiland nie van haar hou nie. (1)

3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (1)

3.5 Anders as Elsabet het Ryna 'n ware Meeulander geword.

Op watter manier het Ryna se lewe as Camilla Calvin VERSKIL van haar lewe as Ryna van Rensburg? Verwys in jou antwoord na Camilla én Ryna se lewens. (2)

3.6 "Jy sal vir Twilight 'n break moet gee, ou Broer." (Reël 12)

3.6.1 Na wie verwys Attie as hy van "Twilight" praat? (1)

3.6.2 Wat beteken hierdie naam binne konteks van die roman? (1)

3.7 "Ons sal haar darem mos kan handle. Ons en Mama-Meeu." (Reël 13 en 14)

Hierdie woorde van Attie het later 'n realiteit in die Meeulanders se lewens geword.

Wat het gebeur nadat Elsabet weer vir Fred ontmoet het? (1)

3.8 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.8.1 tot 3.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Fred | A | ... het aggressief opgetree as hy nie ook sy familie by hom kon hê nie. |
| 3.8.2 | Jacob | B | ... het aggressief opgetree omdat iemand probeer het om sy herinneringe weg te vat. |
| 3.8.3 | Bernard | C | ... het aggressief opgetree omdat hy nie al die inligting oor sy werksmense ontvang het nie. |
| 3.8.4 | Skalla | D | ... het gedreig om iets aan die besoeker te doen omdat daar op sy belangrike dag op die familie se konflik gefokus is. |
| | | E | ... het gedreig om al die persoon se verkeerde dade aan die mense in Salamanderbaai te vertel. |

(4 x 1) (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


3.9 Attie het vir Ryna van die stompneusies (vissies) vir aandete geneem.

Waarom kan 'n mens sê dat dit tot albei (Attie en Ryna) se voordeel was dat hulle mekaar leer ken het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

"Hy weier nog steeds regshulp. Ek het met Metcalfe gepraat. Hy reken die staat kan dit vir hom uiters moeilik maak."

Sy kyk hom bekommerd aan. "Ek weet nie hoekom hy so hardkoppig bly nie. Ek weet nie wat hy daardeur wil bereik nie."

"Elsabet het altyd gesê hy is 'n eenkantmens."

Elsabet se naam skrei hard deur haar, soos die teken waarvoor sy wag. Sy kyk hom vreemd aan.

"Ek dink so baie aan haar," sê Fred. "En ek mis haar. Iets is onvoltooid, Ryna. Uiteindelik het ek so verskriklik leeg anderkant uitgekom. Wel, ek het my foute gemaak ... en ek het met Sheila ook foute gemaak. Onvergeeflike foute."

Sy sit haar koppie stadig neer. "Ons het almal ons foute gemaak, Fred. Ons dra almal dinge in ons harte waarvan die wêreld nie weet nie."

Hy kyk haar vraend aan.

Haar woorde kom sag en duidelik: "Onthou jy vir Veronica Kuiper? Hulle het haar Kinnie genoem."

Sy kyk nie na hom nie, maar voel aan hoedat hy aan die oorkant van die tafel verstyf. Sy voel hoedat haar woorde hom in 'n noute dompel en wanneer sy stadig opkyk, sien sy hoedat sy oë 'n uitkomplek uit die noute soek.

"Jannerik se dogter ... die een wat dood is," sê sy sag.

Sy hande bewe liggies om sy koppie. "Hoekom? Wat weet jy?"

3.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur.

- Ryna het by Salamander-Suid begin skoolhou.
- Doreen het besluit om vir Reggie te gaan werk.
- Ryna was kwaad vir Jacob en het in 'n gastehuis gaan woon.
- Jason Peters het vir Doreen vertel dat hy op haar verlief was. (4)

3.11 "Hy weier nog steeds regshulp." (Reël 1)

Waarom is Jacob gearresteer? (1)

3.12 "Ek weet nie hoekom hy so hardkoppig bly nie." (Reël 3)

Jacob het redes gehad waarom hy nie hulp van 'n Blanckenberg wou aanvaar nie.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

3.13 "Elsabet het altyd gesê hy is 'n **eenkantmens**." (Reël 5)

Wat is die figuurlike betekenis van dit wat Elsabet van Jacob gesê het? (1)

3.14 "**Elsabet se naam** skrei hard deur haar, **soos die teken waarvoor sy wag**." (Reël 6)

3.14.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

3.14.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

3.15 Waarom kan 'n mens vir Ryna as 'n rolmodel sien as jy dink aan hoe sy mense gehelp het? (1)

3.16 Ryna en Fred het oor hulle lewens gesels.

3.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ryna ervaar innerlike konflik, want sy was (seker/onseker) of sy vir Fred die waarheid oor Janka moes vertel. (1)

3.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.16.1. (1)

3.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.17) neer.

Die naam, Veronica Kuiper, skep groot spanning by Fred omdat hierdie naam vir hom 'n simbool van ... was.

A verlies
B verwerping
C teleurstelling
D skuldgevoelens (1)

3.18 Hoe kry die skrywer dit reg om jou vir Fred jammer te laat voel? (1)

3.19 Fred se besoek aan Ryna was 'n hoogtepunt in die roman.

3.19.1 Watter positiewe gevolg het Fred se gesprek met Ryna vir hom ingehou? (1)

3.19.2 Watter les oor geheime het jy uit hierdie gesprek tussen Fred en Ryna geleer? (1)

3.19.3 Hoe sluit hierdie gesprek aan by Janka se tuiskoms van die hospitaal af? (1)
**[35]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

> "... Johnny werk nie meer daar nie. Hy is Jo'burg toe," sê die vrou kwaad. Sy is uitasem en haar bors beweeg op en af.
>
> Lien maak dat sy wegkom. Sy sukkel om oor die besige straat te kom. Aan die oorkant van die kruising gaan staan sy weer by die verkeerslig. Sy bewe. Waarin het ek my begewe, dink sy weer. Ek haat jou so, dink sy vir die soveelste keer.
>
> Sy oorweeg dit om om te draai bushalte toe, maar dan dink sy aan die leë yskas en Braam se flenter beenskutte en aan Kate Hudson se vorms wat onder in haar laai lê. Sy moet ten minste probeer, al is dit net vir 'n rukkie, en niemand sal haar tog met die pruik en brilletjie herken nie. Sy vou weer die plakkaat oop.
>
> Mettertyd begin sy ontspan. Sy glimlag selfs vir die mense wat langs haar stilhou. Die meeste maak geen oogkontak nie. Ander draai hulle vensters op sodra hulle die kruising nader, maak of hulle haar nie sien nie.
>
> Party gee darem. Lien kyk nie wat hulle in haar hande stop nie, maar sy leer gou hoe voel 'n tweerandmunt, 'n vyfrandmunt. Sy verbeel haar die kleiner munte voel ligter. Een vrou gee sowaar vir haar 'n noot. 'n Groene. Sy voel soos 'n hond om die mense se geld te vat.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. **Skryf** slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien se pa is vir (4.1.1) ... jaar tronk toe omdat hy en een van sy vennote geld verduister het. Hulle ma, Christien Jooste, kon dit nie hanteer dat hulle alles verloor het nie en sy het baie begin (4.1.2) ... Die gevolg hiervan was dat 'n buurvrou. (4.1.3) ..., gehelp het om die kinders fisies te versorg. Lien se eerste werk was by 'n (4.1.4) ... (4 x 1) (4)

4.2 "... Johnny werk nie meer daar nie. Hy is Jo'burg toe," sê die vrou kwaad. (Reël 1)

4.2.1 Wie is "die vrou" na wie hier verwys word? (1)

4.2.2 Wat bedoel die vrou as sy sê dat Johnny nie meer daar werk nie? (1)

4.3 Waarom het Lien haar werk by Millennium Creations verloor? (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

"Ek haat jou so, dink sy vir die soveelste keer." (Reël 5)

Lien het haar pa gehaat omdat sy ...

A gewens het haar pa kon haar nuwe skool gesien het.
B hom blameer het dat hulle gesin nou al vir twee jaar so sukkel.
C hartseer gevoel het dat hy nie in haar matriekjaar daar was nie.
D gesien het hoe graag Braam sy pa by die krieketwedstryd wou hê. (1)

4.5 Lien het begin bedel.

4.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien ervaar innerlike konflik oor haar besluit om te bedel, want dit is iets wat sy (graag wou ervaar/moes doen). (1)

4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1. (1)

4.6 Waarom kan 'n mens sê dat Lien in hierdie moeilike situasie 'n goeie rolmodel vir Braam was? (1)

4.7 Lien het twee aparte lewens geleef.

Op watter manier VERSKIL Lien se lewe by die skool van haar lewe op straat? Verwys in jou antwoord na die skoollewe én die lewe op straat. (2)

4.8 Lien het gedink dat niemand haar met die pruik en die brilletjie sou herken nie.

4.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is (stereotipies/ironies) dat Lien haar besluit om te bedel nie met Wouter gedeel het nie. (1)

4.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.8.1. (1)

4.9 Hoe kry die skrywer dit reg om te wys dat Lien sleg gevoel het om die mense se geld te vat? (1)

4.10 Lien het daardie eerste dag nuwe vriende ontmoet.

Waarom kan 'n mens sê dat dit tot albei (Lien en Tibbey) se voordeel was dat hulle mekaar ontmoet het? (1)

4.11 Waarom was dit reg van Lien om ongelukkig met haar ma te wees? (1)

EN


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

> Sy gaan dié een verloor, besef Lien. Nou goed, sy sal inklim, maar sy gaan nié na 'n preek luister nie. Dis háár lewe en sy sal maak soos sý wil. Hy kan vir die ou mense in die ouetehuis gaan preek. Sy is tog half bly sy is verlos van haar hoek, al is dit net vir vandag.
>
> Hulle ry 'n rukkie in stilte.
>
> "Is jy nie veronderstel om in die skool te wees nie?" Nie prekerig nie.
>
> Sy antwoord nie.
>
> "Doen jy dit al lank?" Vriendelik.
>
> Sy bêre die pruik en haar brilletjie in haar sak. " 'n Rukkie."
>
> Hy vra nie verder uit nie en Lien hoop dis dalk die einde.
>
> Hy draai in by sy huis met die groot stoep en parkeer die Jetta voor die motorhuis.
>
> "Kom, ek kan doen met ietsie kouds. Jy seker ook."
>
> Lien klim traag uit en volg hom tot by die voordeur met die loodglasvensters. Hy soen vir Valetjie wat in die gang met 'n baba in haar arms staan.
>
> "En waar is Pappa se ou ba-ba-tjie?" Hy soen die dingetjie en maak 'n paar verspotte geluide. Hy hou die bondeltjie trots na Lien uit om te sien. "En wat sê jy van dié bulletjie?" Hy glimlag soos iemand wat so pas 'n medalje by die Olimpiese Spele gewen het.

4.12 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur.

- 'n Trok het oor Tibbey se bene gery.
- Lien het weer by Millennium Creations gaan werk.
- Lien het vir Roos en Tibbey na die toneelopvoering genooi.
- Christien Jooste het die eerste keer na die kliniek toe gegaan. (4)

4.13 Terwyl Lien gebedel het, het die wind haar pruik van haar kop afgewaai.

Wat het gebeur nadat Lien die pruik tussen die motors gaan optel het? (1)

4.14 Lien het hierdie man in die motor die heel eerste keer by haar skool ontmoet.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.15 "Sy gaan **dié een** verloor, ..." (Reël 1)

Wat is die figuurlike betekenis van dit wat Lien hier dink? (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



4.16 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.16.1 tot 4.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.16.1 | Juffrou Breytenbach | A | ... het Lien ontstel deur te sê dat sy nie altyd 'n aangename en vriendelike mens was nie. |
| 4.16.2 | Tant Malie | B | ... het Lien ontstel deur te dink dat sy iemand was wat sy nie is nie. |
| 4.16.3 | Wouter | C | ... het Lien verkeerd hanteer deur te dink dat Lien aspris foute gemaak het omdat sy nie daar wou wees nie. |
| 4.16.4 | Sproet | D | ... het Lien kwaad gemaak deur nie saam te werk nie. |
| | | E | ... het Lien ontstel deur te dink dat Lien nie haar talente wil gebruik nie. |

(4 x 1) (4)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.17) neer.

Terwyl Lien gebedel het, was die "hoek" vir haar 'n simbool van ...

A hartseer.
B rykdom.
C gevaar.
D hoop. (1)

4.18 "Hy **glimlag soos iemand wat** so pas **'n medalje** by die Olimpiese Spele **gewen het**." (Reël 17 en 18)

4.18.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

4.18.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

4.19 Lien se besluit om die kerk se hulp te aanvaar, was 'n hoogtepunt in die roman.

4.19.1 Watter positiewe gevolg het hierdie besluit vir Lien ingehou? (1)

4.19.2 Lien het vir Kuifie 'n lys van al hulle uitgawes gegee. Watter les het jy hieruit by Lien geleer? (1)

4.19.3 Hoe sluit die kerk se hulp aan by die woorde "... uks Drama" op Lien se T-hemp in die naspel van die roman? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

MOSIE *(vorentoe)*. Dit was vir die kinders lekker om te sien hoe hardloop die grootmense vir die poeliesse weg. Jakkie het so gelag vir bhuti Plank toe die soldate hom uit die hoenderhok uithaal waar hy wegkruip.

*Jakkie lag en kinders begin te lag; boots bhuti Plank na.*

POPPIE *(swaai haar om na die laggende kinders; aan Jakkie)*. Hou op met lag! Ek slaat jou dat jy vrek! *(Draai terug na die gehoor.)* Dit was anders as die lag toe ons jonk was vir oompie Phengi wat dronk is. Dit was nie die kinders se strike nie, dit was die grootmense se strike. En die kinders het vir hulle gelag. Hulle het gelag as hulle tata en ooms en hulle ouer bhuti's onder die beddens wegkruip en agter die klere in die klerekas en in die kleinhuisies en in die hoenderhokke en daar uitgesleep word.

*Die kinders word deur kollig geïsoleer agter middel.*

MOSIE. Dit was 1960 en die kinders was tien jaar oud en agt jaar oud en nege jaar oud, en elf jaar oud. En anders was jonger, maar hulle het onthou.

POPPIE. Dit was nie die soort ding vir kinders om te sien nie. Hulle het hulle respekte verloor.

*Drie kolligte: op Mosie, Poppie en die kinders. Doof uit op kinders terwyl "Nkosi sikelel' iAfrika" speel.*

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Die 1955-verskuiwings was die begin van Poppie se probleme. Haar man, (5.1.1) ..., moes werk kry en al werk wat beskikbaar was, was by die melkerye in (5.1.2) ... Stone het vir (5.1.3) ... jaar daar gewerk voordat hy begin siek word het. Poppie het in daardie tyd gehoor dat sy Ciskei toe moes gaan, maar sy het 'n (5.1.4) ... op haar pas gekry omdat sy swanger was met Fezi. (4 x 1) (4)

5.2 Waarom het bhuti Plank vir die soldate in die hoenderhok weggekruip? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


5.3 Lees reël 4.

5.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is (veroordelend/ironies) dat die kinders vir bhuti Plank gelag en hom nageboots het. (1)

5.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.3.1. (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

In reël 6 draai Poppie terug na die gehoor voor sy begin praat. Deur dit te doen, laat sy die gehoor ...

A bhuti Plank se vernedering meeleef.
B besef dat Jakkie 'n ongemanierde kind is.
C sien hoe ongelukkig sy oor die paswette is.
D haar moedeloosheid met die situasie beleef. (1)

5.5 "Dit was nie die kinders se strike nie, dit was die grootmense se strike." (Reël 7 en 8)

5.5.1 Na watter strike verwys Poppie? (1)

5.5.2 Wat bedoel Poppie met hierdie woorde binne konteks van die uittreksel? (1)

5.6 Waarom kan Poppie, as suster, hier as 'n rolmodel gesien word? (1)

5.7 Waarom was dit verkeerd van Poppie om te dreig om Jakkie te slaan dat hy "vrek"? (1)

5.8 Lees reël 12 en 13.

Wat wou die dramaturg bereik met die herhaling van die woord "en" in die teks? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.9 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.9.1 tot 5.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.9.1 | Stone | A | ... is geslaan omdat hy altyd probeer het om 'n grap van hartseer sake te maak. |
| 5.9.2 | Mosie | B | ... was ongelukkig oor Poppie wat haar kinders Engelse name gegee het. |
| 5.9.3 | Jakkie | C | ... was gedetermineerd om die versorger van die gesin te wees. |
| 5.9.4 | Plank | D | ... was woedend en het besluit om die reg in eie hande te neem. |
| | | E | ... was kwaad omdat Poppie nie kon insien dat die paswet haar altyd gevange sou hou nie. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MOSIE. En toe kom Plank weer eendag dronk huis toe. Die kinders loop al agter Plank aan en hy weet nie hulle hou hom dop nie. Hulle gryp hom, sleep hom jaart toe, tot by die hoenderhok. Anders hou hom vas en anders slaat hom met die latte. Hulle het sy hemp geskeur en die hale het oor sy rug gelê, hulle was naderhand flou van die slaat, en bhuti Plank het so pap bly lê dat hulle kwaadgeid kan oorgaan.

*Jakkie help Plank vashou terwyl kinders hom slaan.*

POPPIE *(skreeu)*. Jou duiwelskind! Jou satanskind! Los jou bhuti!
JAKKIE *(lag terwyl hy nog vashou)*. Poppie, ons help my bhuti. Van die drank is hy nog sy lewe lank aan die slaap.
KIND 1. Ons wil hom wakker maak.
MOSIE *(aan Poppie, wat toekyk en huil)*. Moenie lat dit jou maak huil nie, Poppie. Moenie dit vir Jakkie kwalik neem nie. Miskien los bhuti Plank nog die wyn.
POPPIE. Hoe sal ek nie huil nie? Eers het die wit poeliesse hom oor die paste by die hoenderhok geslaan, nou's dit weer sy eie broertjie.
MAMA. God het die ouers se gebede verhoor. Dis die Here wat deur die kinders praat. Die Here sê: Die drank het julle uitgeroei, julle moet dit laat staan.
POPPIE *(nadenkend)*. My kinders is nie hier nie.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Kort voor Kersfees het Vukile by Poppie in die Kaap kom bly.
- Stone is in die hospitaal opgeneem omdat hy siek geword het.
- Poppie het besluit om van die Ciskei af terug te gaan Kaap toe.
- Poppie het vir Stone vertel dat Bonsile 'n meisie swanger gemaak het. (4)

5.11 Jakkie was 'n goeie vriend van Poppie.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.12 Wat het kort na hierdie **uittreksel met Jakkie** gebeur? (1)

5.13 "POPPIE *(skreeu)*. Jou **duiwelskind!** Jou **satanskind**! Los jou bhuti!" (Reël 7)

5.13.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

5.13.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

5.14 "JAKKIE *(lag terwyl hy nog vashou)*. Poppie, ons help my bhuti. **Van die drank is hy nog sy lewe lank aan die slaap.**" (Reël 8 en 9)

Wat is die figuurlike betekenis van Jakkie se woorde binne konteks van die drama? (1)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

Die kinders het die opstande van die ouers oorgeneem. So word hulle vir mense 'n simbool van ...

A opstand teen dit wat reg is.
B aggressie teenoor ouer mense.
C die vryheid wat almal graag wou hê.
D ongehoorsaamheid teenoor hulle tradisies. (1)

5.16 Lees reël 15 en 16.

5.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie ervaar innerlike konflik oor dit wat Mama sê, want dit laat haar (seker/onseker) voel oor dit wat die kinders doen. (1)

5.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.16.1. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.17 Poppie se kinders het in die tyd van opstande grootgeword.

Hoe VERSKIL Poppie se kinders in Herschel se ervaring van die opstande van haar kinders in die Kaap se ervaring? Verwys in jou antwoord na haar kinders in Herschel én haar kinders in die Kaap. (2)

5.18 Waarom was dit tot Poppie se voordeel om haar broers in haar lewe te hê? (1)

5.19 Jakkie en Poppie se kinders het by die riots betrokke geraak. Dit was 'n hoogtepunt in die drama.

5.19.1 Hoe het dit uiteindelik tog positief vir Poppie geëindig? (1)

5.19.2 Watter les kan jy as jongmens uit Jakkie se besluite en optrede leer? (1)

5.19.3 Hoe sluit hierdie hoogtepunt by Poppie se gebed aan die einde van die drama aan? (1)

**[35]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

KATRIEN: Here, Hendrik – moet jy altyd! Moet jy verdomp altyd – ! Gaan jy dan die Here weet nooit leer nie, Hendrik?
HENDRIK: Wat?

Willem staan nog steeds in die middel van die vloer. Daar verskyn 'n geel plastiekballetjie uit sy mond. Hy vang dit in sy hand en staan roerloos met die balletjie in sy hand terwyl die argument aangaan.

KATRIEN: Sy's 'n meisiekind. Sy's negentien jaar oud, man. Sy's skaam.
HENDRIK: Toe jy negentien was, was jy al so te sê getroud, Katrina. Wat skort met haar? Dis tyd dat sy oor haar kastige skaamgeit kom. Wil jy hê sy moet 'n oujongnooi word soos jou ousus? Wil jy hê sy moet die res van haar lewe alleen slaap soos haar pa of wat wil jy hê, Katrina? *(Katrien staar Hendrik ongelowig aan.)* Ja, jy kyk verniet. Ek raak nou gatvol vir al hierdie skaamgeit. Willem, gaan speel. *(Daar kom 'n rooi plastiekballetjie uit die kind se mond uit en val op die vloer. Katrien sien dit nie; sy gaan die huis binne. Nollie maak die musiek stil. Die kind bly doodstil staan. Daar kom 'n blou balletjie uit sy mond uit en val op die vloer. Hendrik sien dit nie.)* Willem, ek het gesê gaan speel!

Nollie begelei die kind die huis in.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

In hierdie drama leer ons van die lewe van die (6.1.1) ...-gesin. Hierdie gesin bly op 'n klein, verlate stasie in die (6.1.2) .... Hulle het hierheen getrek omdat Hendrik (6.1.3) ... was op die ander mans se aandag aan sy vrou, Katrien. Die nar, Manuel, wat saam met die trein daar opgedaag het, kon deur sy (6.1.4) ... hierdie gesin se manier van dinge doen, verander. (4 x 1) (4)

6.2 Lees reël 1 en 2.

Waarom is Katrien hier so kwaad vir Hendrik? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

Die bakleiery in sy huis en veral Hendrik se optrede het daartoe gelei dat Willem ...

A onseker was of hy met die skoolbus skool toe wou ry.
B senuweeagtig was en balletjies in die lug rondgegooi het.
C se ongelukkigheid hom die hele tyd gespanne laat voel het.
D se vrees hom eerder in die veld as by die huis wou laat wees. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.4 Hendrik en Manuel het al twee 'n groot invloed op Willem gehad.

Hoe VERSKIL Hendrik se interaksie met Willem van Manuel se interaksie met Willem? Verwys in jou antwoord na Hendrik én Manuel. (2)

6.5 "KATRIEN: Sy's 'n meisiekind. Sy's negentien jaar oud, man. Sy's skaam." (Reël 7)

6.5.1 Na wie verwys Katrien hier? (1)

6.5.2 Wat bedoel Katrien met hierdie woorde binne konteks van die uittreksel? (1)

6.6 "*(Katrien staar Hendrik ongelowig aan.)*" (Reël 11)

6.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Katrien ervaar innerlike konflik, want sy weet dat Hendrik (net sy eie kop sal volg/miskien hierdie keer na haar sal luister). (1)

6.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.6.1. (1)

6.7 Hendrik het sy gesin se sake voor Nollie bespreek.

Waarom kan ons sê dat Hendrik se optrede hier verkeerd was? (1)

6.8 "Nollie begelei die kind die huis in." (Reël 17)

Waarom was Nollie in hierdie situasie 'n goeie rolmodel vir almal? (1)

6.9 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.9.1 tot 6.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Sambo | A | ... het Hendrik vies gemaak omdat daar valse gerugte oor Willem en duiwelsdinge vertel is. |
| 6.9.2 | Frans | B | ... het Hendrik ontstel omdat daar nooit gevra is wat hulle kant van die saak is nie. |
| 6.9.3 | Jan Mol | C | ... het Hendrik kwaad gemaak omdat hy nie geweet het dat die kinders sy seun verneder het nie. |
| 6.9.4 | Die dominee | D | ... het Hendrik laat ontplof omdat hy geglo het hy dra by tot Katrien se wens om van die stasie af weg te kom. |
| | | E | ... het Hendrik woedend gemaak omdat hy sy werksplek beledig het. |

(4 x 1) (4)

EN



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

KATRIEN: Hendrik, los dit, man.
HENDRIK: Drie rand. *(Willem wil nie.)* Vier rand. *(Nog nie.)* Reg, jou klein klits, ek gee jou vyf rand kontant. Wys ons nog net een keer.

Willem wip van sy pa se skoot af en verdwyn in die huis in.

EMMA: Wat, gaan hy wys?
KATRIEN: Julle is almal stuitig.

Emma en Nollie los die wassery en kom tot op die stoep. Willem verskyn van binne af.

HENDRIK *(ingenome)*: Nou moet julle kyk, hoor. *(Terwyl Willem vir elkeen 'n hand vol sakdoeke gee.)* Kyk mooi, hy gaan ons weer verneuk.

Almal vat hulle sakdoeke en skud hulle los van mekaar. Willem hou sy hande uit en almal sit hulle sakdoeke in sy hande neer. Hy druk die sakdoeke voor by sy hemp in, draai 'n paar keer in die rondte, steek sy regterhand by sy linkermou in en trek die sakdoeke die een na die ander uit – maar nou is hulle aan mekaar vasgeknoop. Almal bars uit van die lag en klap hande.

HENDRIK *(uitgelate)*: Wat het ek julle gesê!

Katrien druk vir Willem teen haar vas.

HENDRIK: Willem ... *(Almal raas nog en Hendrik wag tot hulle stil is.)* Willem. Hoor hier. Sê nou mooi vir ons. Wie leer jou hierdie goed? Ons sal vir niemand sê nie. My erewoord. Dit bly net tussen ons paar. Sê net: kom dié goed in jou drome na jou toe aan?

6.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Hendrik het Katrien gekomplimenteer omdat sy so mooi lyk.
- Emma het daarop aangedring dat die gesin van nou af oor belangrike dinge praat.
- Hendrik het Willem na Oudokter toe gevat vir 'n ondersoek.
- Die blou oorkrabbers het konflik tussen Hendrik en Katrien veroorsaak. (4)

6.11 "Reg, jou **klein klits**, ek gee jou vyf rand kontant." (Reël 2 en 3)

6.11.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

6.11.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.12) neer.

In die uittreksel word Willem se toertjies vir Hendrik 'n simbool van ... Willem.

A trots op
B bekommernis oor
C aggressie teenoor
D wrokkigheid teenoor (1)

6.13 "Kyk mooi, hy gaan ons weer **verneuk**." (Reël 10)

Wat is die figuurlike betekenis van Hendrik se woorde binne konteks van hierdie uittreksel? (1)

6.14 Willem het elke dag vier dik snye brood vir sy skoolmaats gevat.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.15 Lees reël 19.

Hendrik wou weet wie vir Willem die toertjies geleer het.

6.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As ons die stories wat die dorpsmense oor die gesin vertel in gedagte hou, is Hendrik se woorde hier (veroordelend/ironies). (1)

6.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.15.1. (1)

6.16 Wat het gebeur nadat Hendrik vir Willem gevra het waar hy die toertjies geleer het? (1)

6.17 Hoe slaag die dramaturg daarin om 'n gelukkige atmosfeer in die uittreksel te skep? (1)

6.18 Waarom was dit tot Emma se voordeel om te kon sien dat Nollie nie van hulle huis af weggebly het nie? (1)

6.19 Jan Mol het vir Manuel geskiet. Dit was 'n hoogtepunt in hierdie drama.

6.19.1 Watter positiewe gevolg het Hendrik en sy gesin se hulp vir Manuel gehad? (1)

6.19.2 Watter les kan jy uit hierdie situasie by die gesin leer? (1)

6.19.3 Hoe sluit hierdie gebeurtenis by die slot van die drama aan as jy aan Ouderling Bothma en die ander dorpsmense dink? (1)

**[35]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

ELIAS: Is jy moeg, Lukas? *(Pouse.)* Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou? *(*LUKAS *loop vinniger. Elias gryp hom aan die arm.)* Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trommel?
LUKAS: My goed.
BARTA: Ek dink hy's moeg, Elias.
ELIAS *sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en* BARTA *gaan sit.*
BARTA: Hoekom is die kind so sonder tong, Elias?
ELIAS: Hy's nog vreemd, hy sal regkom.
BARTA: Mooie kind, Elias.
ELIAS: Ja.
BARTA: Is hy nie 'n bietjie maer nie?
ELIAS: Aard na Nina. Kom, Lukas, kom sit hier by ons. *(*LUKAS *bly verder weg op sy hurke sit.)* Kom sit hier, Lukas.
BARTA: Los hom, Elias, hy's seker nog skaam.
ELIAS: Jy moet iets kom eet.
LUKAS *skud sy kop. Hulle maak sy trommel oop en begin sy kos eet. Musiek. Ligte doof uit. Kom op in Boshuis.* BARTA, ELIAS, WILLEM, NINA *en* TANT GERTJIE *op verhoog. Kinders vat aan* LUKAS *en hy skop hulle.*
TANT GERTJIE: Los hom! Kan julle nie sien hy's gedaan en bang nie?
ELIAS: Lukas, kyk op en groet jou broer Willem en suster Nina.
BARTA: Los hom, Elias.
ELIAS *(ongeduldig)*: Groet jou broer en jou suster, Lukas.
TANT GERTJIE: Los die kind, Elias! Hy's verwilder.
*Ligte doof uit en weer in op toneel in Bos.* LUKAS *sit op sy hurke langs die huis.*

NINA: Wil jy 'n patat hê, Lukas?
LUKAS: Nee.
NINA: Kan jy 'n geheim hou?

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die drama het begin met Lukas wat weggeraak het. Omtrent dieselfde tyd van sy verdwyning het Fiela 'n kind by haar huis gekry. Sy wou grootplaas toe gaan waar baas (7.1.1) ... gewoon het om vir hom van die kind te vertel, maar hy was by die (7.1.2) ... (7.1.3) ... maande na Lukas se verdwyning is 'n kind se geraamte gekry. Vir nege jaar het Fiela Benjamin as haar eie grootgemaak, tot die sensusmanne hom weggevat het. Hulle het belowe om hom (7.1.4) ... terug te bring, maar het nie. (4 x 1) (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

7.2 "Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou?" (Reël 1 en 2)

7.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Elias se vraag oor Lukas se lewe in die Lange Kloof was (veroordelend/ironies) as ons dink aan hoe Elias later vir Lukas behandel het. (1)

7.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.2.1. (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Lees weer reëls 1 tot 3.

Met die manier waarop Elias optree, voel die leser ...

A geïrriteerd oor Lukas wat nie praat nie.
B verbaas oor Elias wat vriendelik optree.
C hartseer oor waarmee Lukas nou moet saamleef.
D ongelukkig oor Elias wat nou vir nog 'n kind moet sorg. (1)

7.4 Waarom was dit reg dat Barta so opgetree het in hierdie uittreksel? (1)

7.5 Waarom was Tant Gertjie daar toe Lukas by die Boshuis aangekom het? (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.6) neer.

*"Hulle maak sy trommel oop en begin sy kos eet."* (Reël 16)

Elias en Barta se optrede is vir Lukas simbolies van ...

A hoe hy graag dinge met sy nuwe familie wou deel.
B sy nuwe begin in die Bos saam met die Van Rooyens.
C hoe hy nie graag saam met vreemdelinge wou eet nie.
D die laaste bietjie van Fiela wat van hom af weggevat word. (1)

7.7 Wat het gebeur nadat Nina met Lukas oor haar geheim gepraat het? (1)

7.8 Nina het altyd Lukas se geheim oor die pad uit die Bos gehou.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.9 Hoe kry die dramaturg dit reg om te wys dat Lukas nie deel van die Van Rooyens wou wees nie? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


7.10 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.10.1 tot 7.10.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.10.1 Lange en Dikke | A ... het onmenslik opgetree in situasies waar geduld en omgee nodig was. |
| 7.10.2 *Mister* Goldsbury | B ... het besef dat dit beter is om op te tree soos die mense om jou as jy wil oorleef. |
| 7.10.3 Elias | C ... het sonder simpatie opgetree en geweier om na logiese redenasies te luister. |
| 7.10.4 Lukas | D ... het verstaan daar is geen doel daarin om teen die Wet te baklei nie. |
| | E ... het reeds met die eerste ontmoeting besluit dat Fiela-hulle nie die waarheid vertel nie. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

ELIAS *(ergerlik)*: ... Voel jy sleg, Barta? *(Haar kop sak laer.* KRISTOFFEL *hou beker uit na haar, maar sy wil nie drink nie.)* Wat is dit, Barta?
BARTA *(die woorde skeur uit haar)*: Ek het die verkeerde kind gevat, Elias. Ek het iemand anders se kind gevat.
ELIAS *(bang)*: Waarvan praat jy, Barta?
KRISTOFFEL: Is Ma benoud?
BARTA: Dit was nie Lukas nie.
ELIAS: Vrou, wat praat jy?
BARTA: Ek het iemand anders se kind gevat die dag. Ek het dit agtergekom toe dit te laat was, toe hy al hier was, toe't ek weer gedink dis my verbeelding, en dit weggestoot, maar dit wou nooit lank wegbly nie, en die laaste tyd nooit meer nie. Toe hy laas by die huis was, het hy my gevra en ek het gesê ek het voor die magistraat gesweer, maar ek het vals gesweer, hy's nie Lukas nie.
ELIAS: God, vrou, jy yl!
BARTA: Ek yl nie, Elias, ek sal magistraat toe gaan en dit loop sweer. Ek kan dit nie langer in my dra nie, dit het te swaar geraak vir my. Ons Lukas se gebeendere is langs die Homtini opgetel. Hy't geverdwaal en geverhonger en die engels het hom gevat.
ELIAS: Vrou, jy yl! Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.
BARTA: Ek het nie ...


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



7.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Lukas het vir Barta vertel dat hy by Fiela was.
- Nina het die nuus van Dawid se dood gebring.
- Lukas is gestuur om Nina in die dorp te gaan soek.
- Die boswagter het laat weet dat Lukas moontlik gevind is. (4)

7.12 Barta noem dat sy iemand anders se kind gevat het. (Reël 3 en 4)

7.12.1 Na wie verwys Barta as sy praat van "iemand anders"? (1)

7.12.2 Wat bedoel Barta met hierdie woorde binne konteks van die uittreksel? (1)

7.13 "... dit het **te swaar geraak** vir my." (Reël 16)

Wat is die figuurlike betekenis van Barta se woorde binne konteks van hierdie uittreksel? (1)

7.14 "... en **die engels** het **hom gevat**." (Reël 17 en 18)

7.14.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

7.14.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

7.15 Lukas vind hier die waarheid oor sy identiteit uit.

Hoe VERSKIL Lukas se lewe voordat Barta die waarheid vertel het van nadat Barta die waarheid vertel het? Verwys in jou antwoord na voordat én nadat. (2)

7.16 Waarom was dit tot Selling se voordeel dat Lukas ná Dawid se dood op Wolwekraal gaan kuier het? (1)

7.17 "ELIAS: Vrou, jy yl! Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.
BARTA: Ek het nie." (Reël 19 en 20)

7.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Voordat Barta hier die waarheid vertel het, het sy diep innerlike konflik gehad, want sy was (seker/onseker) oor al die ander mense se reaksie. (1)

7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1. (1)

7.18 Lukas het tydens hierdie gesprek net stilgebly, opgestaan en uitgeloop.

Waarom kan jy sê dat Lukas in hierdie situasie 'n goeie rolmodel vir ander mense is? (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



7.19 Lukas se laaste besoek aan die Van Rooyens is 'n hoogtepunt in die drama.

7.19.1 Watter positiewe gevolg het hierdie besoek vir Lukas en Nina ingehou? (1)

7.19.2 Watter les oor die belangrikheid van jou identiteit het jy uit hierdie drama geleer? (1)

7.19.3 Hoe sluit hierdie gebeure aan by die planne wat Fiela vir Lukas gemaak het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "DIE DROOM" – Pierré Olivier

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

Hulle lag opgewek en bespreek hulle planne vir die kuier by vriende.

Oom Jaap se gedagtes dwaal weg ... 'n mens se lewe vlieg so vinnig verby, daar is so baie wat hy nog wil doen en sien. Hy glimlag effens, dis ook 'n hele avontuur wat vir hom voorlê, hy hoop Julia se dogter hou so veel van hom soos sy seun van haar ma.

"Ek sê jou dit word al duideliker, dit gebeur al meer," die meisie teen die venster se ernstige stem dring deur oom Jaap se gedagtes sodat hy onwillekeurig luister.

"En ek sê dis bog, Rienie. Hoe op aarde kan jy jy wees en nog iemand anders ook? Kom by, ou girlie."

"Jy kan maar spot, Jaco, maar ek droom hierdie drome van 'n plaas tussen wilde bome. Daar is beeste en ek loop op die werf rond en gee hoenders en eende kos. Ek woon daar by my pa en ma en ek het 'n broer, Bernard. Ons is 'n tweeling."

" 'n Mens kan enigiets droom." Jaco se stem is effens ongeduldig, "Dis nie te sê jy ís dit wat jy droom nie."

"Maar kan 'n mens elke nag verder en verder droom, byna soos 'n vervolgverhaal? Is dit hoe mense droom?"

"Miskien moet jy 'n sielkundige gaan raadpleeg," stel Jaco voor en Rienie vererg haar.

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die kortverhaal** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Die hoofkarakter in die kortverhaal is oom Jaap. Sy vrou, Ansa, is al (a) ... jaar gelede in haar slaap oorlede en sy lewe op die plaas was maar baie (b) ... Hy het met die (c) ...-bus gery om in die (d) ... by Julia te gaan kuier om te sien of sy in sy lewe sou inpas. (4 x 1) (4)

8.1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.2) neer.

"... 'n hele avontuur wat vir hom voorlê, ..." (Reël 4)

Oom Jaap het só gevoel omdat hy ...

A bang was dit sou miskien nie lekker by Julia-hulle wees nie.
B opgewonde was oor wat die volgende paar dae sou gebeur.
C gespanne was om homself aan die familie te gaan bekendstel.
D verras was oor die uitnodiging om 'n bietjie by Julia te gaan kuier. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



8.1.3 "... hy hoop Julia se dogter hou so veel van hom **soos sy seun van haar ma**." (Reël 4 en 5)

(a) Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

(b) Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)

8.1.4 "Hoe op aarde kan jy jy wees en nog iemand anders ook? Kom by, ou *girlie*." (Reël 9 en 10)

Waarom was dit verkeerd van Jaco om in hierdie situasie met Rienie te spot? (1)

8.1.5 "Miskien moet jy 'n sielkundige gaan raadpleeg, ..." (Reël 19)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jaco se woorde is (ironies/veroordelend) as 'n mens aan Jaco en Rienie se latere gesprek dink. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.5(a). (1)

8.1.6 Oom Jaap het met die jong seun se maat plekke geruil.

Wat het gebeur direk nadat oom Jaap langs Rienie gaan sit het? (1)

8.1.7 Hoe kry die skrywer dit reg om jou te laat besef dat Rienie ernstig oor haar droom was? (1)

8.1.8 Rienie het haar hele droom en haar gevoel daaroor met Jaco gedeel.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Rienie ervaar innerlike konflik omdat sy (gespanne/ ontspanne) was as sy aan die laaste deel van haar droom dink. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.8(a). (1)

8.1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.9) neer.

In hierdie kortverhaal het die busrit vir oom Jaap die simbool van ... geword.

A wrede stories
B aaklige drome
C 'n nuwe begin
D goeie herinneringe (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



8.1.10 Oom Jaap se busrit en ervaringe is 'n hoogtepunt in hierdie kortverhaal.

(a) Watter positiewe gevolg het hierdie busrit vir die twee jongmense wat langs oom Jaap gesit het, gehad? (1)

(b) Watter les het jy by oom Jaap geleer oor die rede vir sy busrit? (1)

(c) Hoe sluit oom Jaap se droom op die bus aan by dit waaroor Rienie se droom gegaan het? (1)

**EN**

8.2 **"DIE VLEK" – Piet Nell**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

> Die nag kan Henry nie slaap nie. O, die wonder van sig. Dis of sy oë dors is en honger, of sy kop nie vol genoeg kan kom van beelde, kleure, vorms nie. Hy kyk by sy vensters uit na die duisende stadsligggies wat die sterre op hul hoë wentelbane in die verre ruimtes laat verdof en verstom hom weer eens oor wat met hom gebeur het. Hoekom is hy so geseën, uitverkore? Feitlik die hele laat nuusbulletin word aan die verskynsel gewy. Daar is steeds meer kettingbotsings in die omgewing van die vlek. Mense spring uit hul motors met moord in hul gedagtes, verkeerspolisie word aangerand en storm op oortreders af. Almal wat naby die vlek kom, word aangetas. Die minister van Stads- en Wanadministrasie versoek die burgers om nie die rampgebied te besoek nie, om alternatiewe roetes na en van hul werk te volg.
>
> En toe, terwyl die kameras nog op die vlek fokus, verdwyn dit netso skielik as wat dit verskyn het. Die mense bedaar, die nare simptome klaar op en die lewe gaan aan.
>
> Maar dae daarna lewer wetenskaplikes nog kommentaar.
>
> Verduidelikings word gesoek, verklarings word gemaak. Die meeste mense op straat skud egter net hul koppe en sê hulle hoop die vlek is vir altyd weg. Nee, kyk, wat te erg is, is te erg, daar's meer as genoeg sonde op aarde.

8.2.1 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die kortverhaal gebeur.

- Wetenskaplikes het konferensies gehou oor hoe die vlek gebruik kan word.
- Die aand van die Kunstefees het instrumente deur die lug gevlieg.
- Baie rampe het Limpopo, Mpumalanga en die Wes-Kaap getref.
- 'n Onbekende vlek het chaos in die middestad veroorsaak. (4)



SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



8.2.2 "Dis of **sy oë dors is** en honger ..." (Reël 1 en 2)

Wat is die figuurlike betekenis van Henry se woorde binne konteks van die uittreksel? (1)

8.2.3 "Die minister van Stads- en Wanadministrasie versoek die burgers om nie die rampgebied te besoek nie, ..." (Reël 9 en 10)

(a) Na wie verwys die "burgers" hierbo? (1)

(b) Wat bedoel die spreker met hierdie woorde binne konteks van die uittreksel? (1)

8.2.4 Waarom was dit verkeerd van Henry se ma om nie die professor van Henry se ervaring te laat weet nie? (1)

8.2.5 Die president se lyfwagte het presies geweet wat by die Kunstefees gebeur het.

Gee 'n feit uit die kortverhaal om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.6 Op watter manier het die vlek se effek op siek en gestremde mense VERSKIL van die effek wat die vlek op ander gesonde en nie-gestremde mense gehad het? Verwys in jou antwoord na siek/gestremde mense én gesonde/nie-gestremde mense. (2)

8.2.7 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.7(a) tot 8.2.7(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Harms | A ... het aggressief opgetree as iemand die blinde aangespreek het. |
| (b) Die burgemeester | B ... het oorreageer omdat hy altyd oral in die stad in beheer wou wees. |
| (c) Dokter by Zuma-Zuma Hospitaal | C ... het iemand fisies aangerand omdat mense mekaar rondgestamp het. |
| (d) Aiku | D ... het woedend op almal geskree wat naby die president gekom het. |
| | E ... het almal uit frustrasie verskree en kon nie normaal funksioneer nie. |

(4 x 1) (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



8.2.8 Watter voordeel het die verskyning van die vlek vir Henry en sy gesin ingehou? (1)

8.2.9 Die verkeerskonstabel het 'n groot rol in hierdie kortverhaal gespeel.

Waarom was die verkeerskonstabel 'n goeie rolmodel vir ander as dit by werk kom? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "WETENSKAPMANNETJIES" – Antjie Krog

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WETENSKAPMANNETJIES – Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan die ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

daarom, liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%
want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
ek kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring eensaamheid
wat geen mens kan keer.

[Uit: *Dogter van Jefta*, Human & Rousseau, 1970]

9.1.1 Voltooi die volgende paragraaf korrek deur 'n woord(e) **uit die gedig** te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (9.1.1(a) tot 9.1.1(d)) neer.

Die spreker spreek die wetenskaplikes in die gedig as "julle" en (a) ... aan om aan te dui met wie daar gepraat word. Die woord (b) ... in die gedig dui op die rede waarom wetenskap nie vir die spreker belangrik is nie. Die spreker sal veel eerder kyk na die korhaan op die (c) ... as om in die klas te konsentreer. Die spreker sal veel eerder klawertjies teken as om die (d) ... goed te doen.

(4 x 1) (4)

9.1.2 Watter negatiewe inligting probeer die wetenskaplikes vir die mens in strofe 1 gee? (1)

9.1.3 Hoe weet ons volgens strofe 1 dat die spreker nie met die wetenskaplikes se navorsing beïndruk is nie? Haal 'n reël uit die gedig as antwoord aan. (1)

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

9.1.4 In watter ruimte is die ek-spreker die gelukkigste? (1)

9.1.5 Lees reëls 10 tot 12.

Watter tegnieke gebruik die digter om die spreker se beskrywing van die son te beklemtoon? Noem TWEE. (2)

9.1.6 In strofe 2 gebruik die digter personifikasie.

Watter fisiese menslike eienskappe gee die digter in strofe 2 vir die son? Noem TWEE. (2)

9.1.7 Gee EEN rede waarom hierdie gedig 'n vrye vers is. (1)

9.1.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.8) neer.

In hierdie gedig kan die spreker se toon teenoor die wetenskaplikes as ... beskryf word.

A respekvol
B opstandig
C sarkasties
D waarderend (1)

9.1.9 Skryf die volgende gedagtes van die spreker onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die gedig voorkom.

- Die spreker gee redes waarom hy/sy so negatief oor die wetenskaplikes is.
- Die spreker dink wetenskaplikes kyk sonder enige emosie na die omgewing.
- Die spreker vertel waarom hy/sy nie goed is in wetenskap nie.
- Die spreker bewonder die natuurskoon. (4)

9.1.10 Hoe slaag die digter daarin om die spreker se gedagtes met wetenskap in verband te bring? (1)

**EN**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## 9.2 "HAAR UITVAART" – PJ Philander

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HAAR UITVAART – PJ Philander**

Al oor my dak het hul gemaal ...
dié voëltjies het vir haar kom haal.

Half-toegevoue vuisies klein
het ylings na die doodsgordyn

gegryp en dan weer moeg verslap ...
die sweet het langs haar slapies afgetap.

Haar ogies sien ek duidelik nog.
hul het vir my gesmeek om tog

te help ... die pyn te stil,
maar ek was magteloos teen Sy wil,

en halfweg na die hospitaal
het, asemloos, die dood ons ingehaal.

9.2.1 Skryf in jou eie woorde hoe die titel en strofe 1 by mekaar aansluit. (2)

9.2.2 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 2 aan om aan te dui dat die dogtertjie baie jonk was. (1)

9.2.3 Ons kry omarmde rym in hierdie gedig.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.2.4 Lees reëls 7 tot 9.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie reëls kan ons aflei dat die dogtertjie (onrustig/rustig) was terwyl sy na die spreker gekyk het. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.4(a) in jou eie woorde. (1)

9.2.5 Lees strofe 1 en strofe 6.

(a) Waarna verwys "kom haal" in reël 2? (1)

(b) Hoe het dit in strofe 6 verander? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



9.2.6 Lees weer reëls 9 tot 12.

(a) Waarom is die gebruik van die ellips in reël 9 so gepas? (1)

(b) Watter insident in die slotstrofe hou direk verband met die woorde "pyn te stil" in reël 9? (1)

9.2.7 Kies die begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.2.7(a) tot 9.2.7(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "dié voëltjies het vir haar kom haal" | A inversie |
| | B metafoor |
| (b) "Half-toegevoue vuisies klein" | C eufemisme |
| (c) "maar ek was magteloos teen Sy wil" | D wending |

(3 x 1) (3)

9.2.8 Hou die hele gedig in gedagte.

(a) Watter emosie het jy ervaar nadat jy hierdie gedig gelees het? (1)

(b) Waarom kan jy waardering hê vir die pa in hierdie gedig? (1)

9.2.9 Watter rol speel "Sy wil" (reël 10) in hierdie gedig? (1)

9.2.10 Waarom is die boodskap in hierdie gedig iets wat ons almal moet onthou? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

Proudly South African